

20 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 86 en 87

Fokusgedeelte: Psalm 86:11

Verenig my hart

Hierdie Psalm is 'n hartroerende geroep tot die Here om hulp! Dit is asof die digter nie verder kom nie, hy stapel die een hulproep op die ander. Hy staan teenoor vyande wat nie met die Here rekening hou nie. En hy bly maar net vra dat die Here hom help.

Maar hy bid tog nie net om hulp teen die vyande nie. In die middel van die psalm bid hy aangrypend om heelhartige toewyding in sy diens aan die Here: "Leer my u pad, Here, ek wil wandel in u waarheid; laat my U met toewyding dien" (vers 11).

Op die pad van die Here gaan dit om sy wil en oor die praktiese uitlewing van sy wil in ons lewe. Dit gaan oor die vorming van die regte gewoontes. Dit het te doen met die duidelike gerigtheid in ons lewe sodat ons besluite meer en meer in ooreenstemming met God se wil is.

Net die Here kan dit gee. Maar dan moet my hart reg wees. Die digter vra dit in die bede: "...laat my U met toewyding dien". Hy vra letterlik: "...verenig my hart om u Naam te vrees". My hart is die knooppunt van my lewe – daaruit kom my hele lewe voort. Maar as my hart nou verdeeld is, bedrieglik is...?

Daarom die bede: "...verenig my hart". Maak my hart heel, o Here. Trek al die lyne van my lewe in my hart saam – nie vir myself nie, maar om U te dien!

Sing: Psalm 86:3,6

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)